### *Die wysheid van Cyrenius teenoor dié van Mathael*

**29** **Cyrenius** sê: "O, ja, ek verstaan dit nou baie goed, en dit des te beter omdat ek juis vannag `n soortgelyke uitleg oor die Mosaïese skeppingsgeskiedenis gehoor het. Dit sal goed wees, maar vir my is die wysheid te diep en kan en wil ek my nie te veel inspan om iets tot en met "te" verstaan nie. Dit moet by my nie met veel moeite gepaardgaan nie, anders wil ek niks daarvan hê nie. As dit te diepgaande en te wys is, dan hou my begrip dikwels meteens op!

[2] Kort en saaklik, dit bly soos ek gesê het, ek neem julle versorging op my en daar sal al die geleentheid vir julle gegee word om so diep as moontlik in julle wysheid in te dring en die arme mensdom, waar moontlik, op die goeie weg te bring - hoewel ek openlik aan julle beken dat dit oor die algemeen eerder nadelig as voordelig is om so diep in die wesenlikheid van die lewe in te dring.

[3] Neem jouself nou en vra jou af of julle waarlik buitengewone kennis en wysheid julle gelukkig maak! Ja, die menslike gees kan in die oneindige dieptes van die Wysheid deurdring en dan die wonderbaarlikste sake aan die lig bring. Maar volgens my is net dié mens wat heel eenvoudig is, gelukkig en wat Elohim, sy Skepper, in alle liefde toegewy is en wat Sy gebooie onderhou. As Elohim hom dan, net soos vir Salomo, wysheid wil gee, dan moet hy dit baie dankbaar aanvaar en met `n opgewekte gemoed wyslik gebruik. Maar as die geskenkte wysheid die mens net ongelukkig maak, dan verkies ek liewer elke domheid waardeur die hart van die mens bly word.

[4] Ek leef nou eenmaal en weet nou dat ek ewig sal lewe en die weë om `n geluksalige, ewige lewe te bereik is aan my bekend; wat sou ek dan nog meer daarby verlang?!

[5] As julle ook my opvatting hierin deel, sal julle ook, net soos ek, nog op hierdie aarde werklik gelukkig wees, maar met julle gepeins oor die allerdiepste wyshede sal julle nouliks die waarde en die geluk van menswees voel!

[6] Volg daarom my raad na, ook al kom dit nie uit die gebied van die diepste wysheid nie; dit kom egter uit `n vriendelik hart wat sekerlik nie sonder liefde is nie en dít het selfs by Elohim baie waarde! Waarom sou júlle dan geen waarde daaraan heg nie?

[7] **Dit is nie die Wysheid wat ons die lewe gee nie, maar die Liefde**. Laat ons daarom by die Liefde bly, dan sal dit ons nie aan lewe ontbreek en aan sy geluksalige gevoel nie! Kyk, dit is nou my wysheid en ek sou haas wou beweer dat dit vir hierdie lewe van die mense baie nuttiger is as al julle wysheid, al is dit ook hoe diep!"

[8] **Mathael** sê: "O ja, o ja, jy het heeltemal gelyk! Kyk, solank die water nie in die pot verhit word nie, het dit ook `n goeie en rustige bestaan, maar as dit vervolgens op die vuur kom, dan sien dit egter gou baie anders daaruit. Die rus moet éénmaal verbreek word!

[9] As jy iets wil word, mag die nodige kennis jou beslis nie ontbreek nie. As jy veldheer (generaal) wil word, moet jy met alle kennis vir daardie amp toegerus wees, omdat jy andersins `n slegte figuur as veldheer sal uitmaak. As jy apteker en geneesheer wil wees, moet jy gewis al die nodige kennis daarvoor besit!

[10] Wel, jy wil nou die ewige lewe hê, maar die lewe beslis nie self van naderby ondersoek en leer ken nie, hoe dink jy dat dit moontlik sal wees?

[11] Kyk, as ek `n vrou sou wou neem, maar elke geleentheid misloop om ook maar op `n afstand `n meisie te ontmoet, dan weet ek werklik nie hoe ek en `n vrou by mekaar sal kan kom nie!

[12] Maar jy verlang uiteindelik selfs `n ewige lewe, terwyl jy nou al die geringe moeite misloop om hierdie aardse lewe ook maar `n ietsie dieper te leer ken en op soek te gaan na sy aardse wortels!

[13] Ja, beste vriend, as die ewige lewe maar net daarvan afgehang het of `n God dit my sou kon gee, soos wat jy vir my `n stuk brood sou gee, dan sou jou lewensopvatting duidelik verkieslik wees bokant die van ons. Maar die besorging en bereiking van die toekomstige, ewige lewe hang heeltemal van onsself af!

[14] Ons moet doen en dade wys en ons moet werklik deur die water met ons lewenswater en deur die vuur met ons liefdeslewensvuur. Dán eers begin ons lewenswater op die vuur van die innerlike liefde tot Elohim, tot die naaste en uiteindelik tot onsself, te kook en te borrel, en eers dáárdeur sal ons bemerk dat daar `n onverwoesbare lewenskrag in onsself skuil, wat dán eers van homself bewus word en die regte middele aangryp en aanwend om hom so vir ewig in stand te hou!

[15] Voorlopig is daar dus nog glad geen sprake van `n sogenaamde gemoedelike lewe wat nes `n soete droom lyk nie, maar daar moet sonder ophou gewerk, gestry en ondersoek word!

[16] Sodra `n mens oor die altyd maar so graag inslapende, sterwende lewe `n volledige waaksame, lewende oorwinning behaal het, eers dán kan daar sprake wees van `n bepaalde saligheid!

[17] Jy is soos `n mens wat soggens nog lekker lê en slaap en deur sy vriende wat reeds lankal wakker geword het, gewek word, waarop hy eers baie vererg reageer; eers wanneer hy met bietjie moeite heeltemal wakker geword het, sien hy die weldaad van die algeheel wakkerwees in en verbly hom vervolgens oor sy ligte en vrye lewe.

[18] Ons het die volste reg tot ons wysheid, maar jy nog lank nie! Eers wanneer jy wakker geword het, sal jy óók insien dat ons die volle reg aan ons kant het."

### *Die protes van Cyrenius*

**30** **Cyrenius** sê vir My: "Majesteit en Meester, wat sê U nou daarvan? Wat moet ons daarvan maak? Praat Mathael die volle waarheid? U kan dit tog maklik tot in die kern beoordeel; sê nou ook iets daaroor!"

[2] **Ek** sê: "Het Ek jou dan nie al vroeër gesê dat jy daarna moet luister nie? As Ek sou gesien het dat hulle onjuisthede verkondig, sou Ek julle sekerlik nie aanbeveel het om na hulle te luister nie. Luister daarom nog maar verder na Mathael! Hy laat weliswaar `n harde, maar `n goeie wind waai; ook al golf die see sterk daardeur, kom `n mens met so `n wind tog baie gouer vooruit as met die kragtigste roeiers!

[3] Luister maar nog verder na hom, want tot nou toe het hy julle nog saggies aangepak, maar as hy nog bietjie meer aangevuur raak, sal hy nog met baie ander bewyse te voorskyn kom!"

[4] **Cyrenius** sê: "Daarvoor bedank ek hom by voorbaat! Ons is tog al uitgemaak vir duiwels! Bestaan daar nog iets erger waarvoor hy ons sal kan uitmaak? Is dit nie aan te prys van my kant dat ek hierdie vyf arme duiwels vir hul hele aardse toekoms wil versorg en as dank gee hulle ons `n onderwysing soos wat U dit nog nooit Self gedoen het nie!

[5] Ag, ek het eintlik glad geen sin meer daarin om na hierdie Mathael te luister nie. Sy uitkyk op die lewe kan op sigself hóe waar wees, maar dit deug nie vir die aardse lewensomstandighede nie en geen mens kan iets vir sy liggaamlike behoeftes daardeur doen nie!

[6] Ja, mense soos die profete en die ou priesters kon natuurlik net enkel en alleen vir hulle ewige lewe sorg, want vir hul liggaamlike behoeftes het andere gesorg, vir wie dit uiteindelik niks saak gemaak het of daar `n ewige lewe vir die siel is of nie! Hulle kry slegs wette wat hulle moes nakom sonder om ooit die werklike rede daarvoor te verneem en wat hulle nou eintlik daarmee moes bereik.

[7] Vir miljoene moes dit, met of sonder vooruitsig op `n ewige lewe, voldoende gewees het en sal dit vir ons dan nie meer so wees nie?!

[8] As dit egter vir ons nie meer voldoende is nie, dan kom by elke mens wat ook maar `n vonkie ware naasteliefde in hom het, die vraag: Wie stel uiteindelik die talle miljoene arme duiwels daarvoor skadeloos dat hulle almal, ondanks die hou van uiterlike voorskrifte, tog ten prooi val van die ewige dood? As die mense toevallig ontstaan het, dan kan die leer wel korrek wees; maar as hulle almal, wat wel te sien is aan hul baie wyse liggaamlike bou, die werk is van `n baie wyse en goeie Elohim, dan moet daar `n ander en vir alle mense meer praktiese weg wees om die ewige lewe te bereik. As dit nie daar is nie, dan is die totale lewe die veragtelikste wat die menslike verstand ooit as veragtelik en afskuwekkend kan waarneem!

[9] Want as `n ewige lewe maar net weggelê is vir diegene wat dit in `n sekere sin bereik ten koste van vele ander mense, wat vir so `n hoofpersoon van die ewige lewe moet werk om slegs aan hóm die ewige lewe te besorg - dan wil ek self nooit van die ewige lewe ook maar die kleinste vonkie hê nie, en `n algehele, ewige dood is vir my dan verkiesliker! So dink ek nou daaroor.

[10] U leer, Majesteit en Meester, vind ek aangenaam, goed en waardevol, want dit gee my, as ek swak mag word, die hulp van `n Almagtige Helper. Maar volgens die leer van Mathael het ek niemand anders as myself nie. Slegs ekself kan my die ewige lewe gee of ontneem en `n God sou heeltemal geen rol daarby speel nie, behalwe om met verergde of welwillende blikke te kyk hoe `n arme duiwel hom loswerk uit die kloue van die dood en om maar oor die onherbergsaamste paaie, wat besaai is met dorings, rotse en giftige gebroedsels, na die ewige lewe op te klim!

[11] Nee, nee, dit is nie moontlik nie; julle is dwase met julle hele leer oor die ewige lewe! Ja, as ek my `n skenker van die ewige lewe kan voorstel, wat as hy dit wil, net soos U, o Meester, iemand ook reeds op aarde die lewe terug kan gee, dan doen ek alles sodat hy my te eniger tyd ook die ewige lewe sal gee. Maar as ek dit vir myself uit alle verborge wyshede van die profete op die een of ander wyse eers bymekaar moet maak, dan het ek, soos gesê, niks van `n ewige lewe nodig nie! - So praat en het gepraat Cyrenius, die Romeinse opperstadhouder oor Sirië en oor alle lande van Asië, Afrika en `n groot deel van Griekeland!"

[12] **Ek** sê: "Vriend, hierdie keer het jy jouself waarlik onnodig oortref in allerlei niksseggende gepratery. Wat hierdie vyf was, dit weet jy; waarom hulle dit was, weet jou nou hopelik ook!

[13] Ek het hulle tans heeltemal gesuiwer en in hulle die enig ware, onbedrieglike lewenslig ontsteek en daarmee die weg versper waaroor die uitgedryfde, slegte gaste hulle moontlikerwys nog eens `n nadelige besoek sou kon bring.

[14] Hierdie vyf is daarom nou voorlopig heeltemal rein en deursien in hulleself die dunste drade van die volle lewe, soos dit eintlik was vanaf die oerbegin. Hulle deel nou aan almal openlik mee wat in ou tye maar weinig vir weinig gegee was: hoe kan jy dan kwaad word vir hulle daaroor?!

[15] Want weet, wat hulle sê is presies dieselfde asof Ek dit Self vir julle gesê het. Hulle vertel die waarheid egter ietwat minder verborge.

[16] Besef eers die regte waarde van wat hulle gesê het en word dan eers kwaad, as jy kan. Maar nou, omdat dit wat hulle gesê het vir jou ietwat ongemaklik voorkom, het jy duidelik ongelyk deur kwaad te word. Laat Mathael verder praat en kyk dan of dit wat hy sê, prakties is of nie en of dit teen My leer indruis of nie!"